

As jy enige voorstelle of vrae het, of enige iets onder ons aandag wil bring of net iets met ons wil deel is jy baie welkom om ons te kontak by:

**jeug@ngwps.co.za of 0837034470**

Liefde

Ria van der Merwe

Kinderbedieningsleier





# KERK in SUID Kinderbediening

Welkom by Kerk-in-Suid Kinderbediening 2022

**KLEUTERKERK:** **Babbelbekkies** (kinders gebore 2019 en 2020) &

**Woelwaters** (kinders gebore 2017 en 2018)


**KINDERKERK:** **Rakkers** (gr R tot 3) & **Champs** (gr 4 en 5) & **EE3** (gr 6)

***Hier werk ons so:***

- Vir jou kind se veiligheid teken ons die kinders van **7:30-8:00** voor die popcornsaal (grR-6) en die kleuterkerk (voorskool) in.
- Die klassies is vanaf **8:00** in verskillende ouderdomsgerigte groepe (sien middelblad) waar ons 'n kinderkerk in die kleine vir die kinders aanbied. Ons doen lofprysing, gebed, vieringe, kollekte en die "preek" wat op 'n verskeidenheid ontwikkelingvlak-gerigte maniere aangebied word (poppekas/drama/video/vertelling/bespreking).
- Ons bied nie nagmaal aan nie, maar gee eerder geleentheid dat die familie saam die nagmaal in die kerk kan gebruik.
- Ons dek wel die doop in ons lesmateriaal met die ouer grade.
- Ons verdeel dan **8:30** in ons verskillende klassies. Hier is ons maksimum 8-10 kinders per kategeet sodat ons genoeg persoonlike aandag aan hulle kan gee. Die klassies bestaan uit kinders in dieselfde graad en hier fokus ons op toepassing van die grootgroep "les", verhouding bou en baie baie lekkergoed uitdeel!
- Jy kan jou kind weer uitteken presies waar jy hulle ingeteken het om 9:15.

Ons het ook hemde (R150) en Bybels (R100) beskikbaar wat deels deur die kerk gesubsidieer word. Aankope kan met registrasie tydens die eerste twee Sondae van die jaar gedoen word, of daarna met die inteken van jou kind tydens die eerste kwartaal van die jaar.






Cotielaan 306
Wierdapark
T: 081 050 3363

| BABBELBEKKIES | WOELWATERS | RAKKERS | CHAMPS | EE-3 |
|---|---|---|---|---|
| TYDELIK GESTAAK WEENS COVID. HOU AFKONDIGINGS DOP. | 3—4 jaar<br>8:00-9:15—Tydens Erediens<br>Kerksaal—kleutersentrum | Graad R—Graad 3<br>8:00-9:15—Tydens Erediens Popcornsaal | Graad 4 — Graad 5<br>8:00-9:15—Tydens Erediens Jeugsentrum | Graad 6<br>8:00-9:15—Tydens Erediens Jeugsentrum |

## EE3 (Gr. 6)

Ons kom eers as "kinderkerk" bymekaar en open met liedere, verjaarsdae, kollekte en afkondigings. Daarna fokus ons as groep op wat die evangelie en ons geloof vir ons beteken. Ons volg 'n kinderevangelisasie kursus onder leiding van 'n geakkrediteerde fasiliteerder. Natuurlik is daar ook baie lief en leed en sjokolades in ons groep.



**Lokaal:** Jeugsentrum
**Tyd:** 8:00-9:15 (tydens eerste erediens)
**Registrasie:** Ouers teken kinders in tussen 7:30-8:00 by die Popcornsaal.
**Leier:** Lizette Alberts

## Champs (Gr. 4-5)

Ons kom eers as "kinderkerk" bymekaar en open met liedere, verjaarsdae, kollekte en afkondigings.. Daarna leer ons prakties wat dit beteken om 'n Christen te wees – en ons fokus veral op die 7 belangrikste verhoudings in 'n Christen se lewe, Bybelstudie, Bid en Bekering. Daarna verdeel ons in ons kleiner groepe vir lief en leed en toepassing in ons eie lewe.



**Lokaal:** Jeugsentrum
**Tyd:** 8:00-9:15 (tydens eerste erediens)
**Registrasie:** Ouers teken kinders in tussen 7:30-8:00 by die Popcornsaal.
**Leier:** Christo Augustyn

## Babbelbekkies (2 - 3 jaar)

Ons Babbelbekkies is tydelik gestaak is weens COVID.
Ons sal ouers sal laat weet sodra ons weer kan oopmaak

## Woelwaters (3 - 5 jaar)

Ons kom eers as "grootgroep" (3 -5 jariges) bymekaar en hoor en sien van God se mooiste stories in die Bybel voordat ons in kleiner groepies saam met ons Tannie opdeel om ietsie uit die dag se storie te maak om vir Pappa/Mamma te wys. Dis ook hier waar ons oor alles in ons week kan vertel en ook ietsie lekkers saam eet en drink.



**Lokaal: Kleuterkerk**

**Tyd:** 8:00 -9:15 (tydens eerste erediens)
**Registrasie:** Ouers teken kinders in tussen 7:30 -8:00 by die Kleuterkerk lokaal.

**Leier:** Danelle Paynter

## Rakkers (Gr. R-3)

Ons kom eers as "kinderkerk" bymekaar en open met liedere, verjaarsdae, kollekte en afkondigings.. Daarna leer ons lesse uit al die stories in die Bybel deur drama/poppekas/vertellings ens. Ons stap oor drie jaar dwarsdeur die hele Bybel. Hierna verdeel ons in ons kleiner klassies waar ons lief-en-leed deel, die Bybel storie in ons lewe toepas en natuurlik baie lekkers eet!



**Lokaal:** Popcornsaal
**Tyd:** 8:00-9:15 (tydens eerste erediens)
**Registrasie:** Ouers teken kinders in tussen 7:30-8:00 by die Popcornsaal.
**Leier:** Kim Janse van Rensburg